POTCHEFSTROOM GIMNASIUM
GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

VISIE

Die visie van Potchefstroom Gimnasium is die behoud en bevordering van onderwys van gehalte en waar leerders tot hulle volle potensiaal kan ontwikkel.

MISSIE

- Onderwys in ‘n omgewing waar **gelukkige leerders** deur **gemotiveerde onderwysers** voorberei kan word vir die toekoms.
- Om **leierskap** en **ondernemingsingesteldheid** by leerders aan te moedig.
- Om deur middel van **akademiese uitnemendheid** leerders toe te rus om na voltooiing van matriek tot enige tersiêre instelling toegelaat te word.
- Om die **deskundigheid** van die hoof en die onderwysers uit te brei en te ontwikkel tot op vlakke waar uitnemende onderwys steeds gehandhaaf kan word.
- Om **voortreflike fasiliteite**, waarin akademie, kultuur en sport tot sy volle potensiaal beoefen kan word, daar te stel.
- Om deur middel van **toekomsgerigte denke** alle vlakke van die skoollewe voortdurend te evalueer om tydige aanpassings te maak.
- Om deur middel van **sinvolle dissipline** ’n atmosfeer te skep waar daar **wedersydse respek** vir mekaar en erkenning van gesag sal wees en die doeltreffende **uitoefening van gesag** ’n kenmerk van die skoollewe sal wees.
- Om **uitnemende finansiële bestuur**, wat die totale bedryf van die Skool sal ondersteun, toe te pas.

KERNWAARDES

Ons verbind ons daartoe om, ter realisering van die Visie, Missie, Beginsels en Doelstellings van Potchefstroom Gimnasium, ons erekode na te streef.

INHOUD

1. Algemeen: Oogmerk van die Gedragskode
2. Erekode
3. Regte en pligte
4. Skoolreëls
5. Netheid: skooldrag
6. Netheid: voorkoms
7. Dissiplinêre kode

8. Dissiplinêre prosedure
9. Dwelm- en alkoholbeleid – Verkorte weergawe
10. Beleid oor bullebakkery en afknouery – Verkorte weergawe
11. Beleid oor seksuele teistering – Verkorte weergawe

In hierdie Gedragskode, tensy uit die samehang anders blyk, sluit die woorde wat in die enkelvoud gebruik word die meervoud in en *vice versa* en sluit ‘n woord wat na een geslag verwys die ander geslag in.

Potchefstroom Gimnasium streef na uitnemendheid en die Skool se oogmerk is om in die beste belang van die leerders op te tree.

1 ALGEMEEN: OOGMERK VAN DIE GEDRAGSKODE

1.1 Die Gedragskode het ten doel om:

(1) maatreëls vir ’n ordelike skoolomgewing en -gemeenskap daar te stel;

(2) ’n waardegedrewe skoolkultuur aan te moedig;

(3) 'n veilige, geborge en gedissiplineerde atmosfeer vir onderrig en leer te skep;

(4) die ontwikkeling van 'n trots vir die Skool, tradisies, skooldrag, netheid van die terrein en respek vir eiendom te bevorder;

(5) ferm, maar billike en regverdige dissipline te handhaaf om die leerders te lei tot selfdissipline;

(6) prosedures daar te stel waarvolgens dissiplinêre aangeleenthede en griewe billik en regverdig hanteer kan word.

1.1 Hierdie Gedragskode is opgestel deur die Beheerliggaam na oorlegpleging met opvoeders, ouers, die Gimmieraad en leerders en het ten doel om 'n waardegedrewe, gedissiplineerde en geborge skoolomgewing daar te stel wat bevorderlik is vir hoë gehalte onderwys en waar leerders tot hulle volle potensiaal ontwikkel word.

1.2 Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (‘die Skolewet’); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

1.4 Elke ingeskrewe leerder aan **Potchefstroom Gimnasium ("die Skool")** is ingevolge artikel 8(4) van die Skolewet gebonde en onderhewig aan die bepalings van hierdie Gedragskode.

1.5 Ouers/voogde is volgens die Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (GN 776, SK 18900, 1998) en die gemenereg hul kinders se primêre opvoeders en daarom berus die vernaamste verantwoordelikheid vir leerders se gedrag en optrede by die ouers/voogde. Derhalwe word dit verwag dat ouers:

(1) die Skool sal ondersteun deur toe te sien dat die leerders al die skoolreëls, die Erekode en Gedragskode nakom en verantwoordelikheid aanvaar vir enige wangedrag deur die leerder;

(2) 'n aktiewe belangstelling in die leerder se skoolwerk sal toon en die leerder in staat sal stel om sy akademiese verpligtinge nougeset na te kom; en

(3) alle vergaderings wat vir ouers geskeduleer word, by sal woon.

1.6 'n Opvoeder van die Skool tree *in loco parentis* op en het derhalwe dieselfde regte as 'n ouer ten opsigte van die beheer en dissiplinering van 'n leerder ingevolge hierdie Gedragskode, terwyl die leerder die Skool, klaskamer, skoolfunksie of skooluitstappie bywoon.

1.7 Die Gimmieraad en skoolleiers is saam met die personeel van die Skool verantwoordelik vir algemene skooldissipline en moet leerders wat oortree na die personeel van die skool bring, waarna die dissiplinêre proses gevolg sal word.

1.8 Ondertekening van die Gedragskode vir leerders deur ouers/voogde en leerders is 'n voorvereiste vir toelating tot die Skool.

2 EREKODE

2.1 Die Skool heg 'n hoë prioriteit aan waardegedrewe opvoeding en gaan van die standpunt uit dat 'n opgevoede en selfverantwoordelike leerder nie gedurig voorskrifte, reëls en direkte beheermaatreëls nodig het om behoorlik en selfgedissiplineerd in 'n skoolomgewing te funksioneer nie. Derhalwe geld die volgende beginsel:

'n Ware Gimmie-dame en Gimmie-heer het nie reëls nodig nie, maar leef die waardes van die Erekode uit.

2.2 Elke leerder is onderhewig en verbonde aan die Erekode van Potchefstroom Gimnasium en onderneem om, sover doenlik, die REGHOU-waardes toe te pas.

2.3 Die Erekode het ten doel om elke leerder van die Skool te rig ten einde te ontwikkel tot 'n opgevoede, afgeronde, selfgedissiplineerde en verantwoordelike volwassene wat 'n positiewe rol in die samelewing sal speel.

2.4 Ten einde gestalte aan 'n waardegedrewe opvoeding te gee, sal die Skool, opvoeders en Gimmieraad die toepassing van die Erekode-waardes aanmoedig deur van tyd tot tyd tydens klaskamerbesprekings, saalbyeenkomste, Lewensoriënteringslesse en ander opvoedingsgeleenthede die waardes te beklemtoon.

2.5 Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die Skool en ooreenkomstig die Erekode van die Skool gedra.

Erekode

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om:

- die REGHOU-waardes van die Skool te alle tye uit te leef;
- hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van Potchefstroom Gimnasium getrou na te kom;
- hoë morele- en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die Skool se goeie naam sal wees;
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen; en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders en besoekers te betoon.

Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreël indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die Skool se gedragskode na te kom.

GETEKEN TE POTCHEFSTROOM GIMNASIUM OP HIERDIE _____DAG VAN_____20__ .

_____
LEERDER

Erekode van Potchefstroom Gimnasium

As trotse Gimmie-leerder verbind ek my tot hierdie Erekode
en onderneem ek om die REGHOU-waardes uit te leef, sodat ek altyd 'n waardige ambassadeur van Potchefstroom Gimnasium sal wees.

R - Respek

- Ek is beleefd en toon goeie maniere teenoor elke persoon.
- Ek behandel elkeen met menswaardigheid en met agting.
- Ek is verdraagsaam teenoor ander, selfs al verskil ek van hulle.
- Ek ag myself as waardig en toon my selfrespek deur uiters netjies in my voorkoms, kleredrag, werk en houding te wees.

E - Eerlikheid

- Ek het die hoogste agting vir die waarheid.
- Ek is eerlik en opreg in alles wat ek doen en sê.
- My skoolwerk is my eie werk wat ek altyd eerlik verrig.
- My woord is my eer en ek doen my beloftes gestand.
- My integriteit weerspieël my opregtheid, eerlikheid en betroubaarheid.

G – Gimmie-guts

- Ek het durf om op te staan teen onreg.
- Ek toon moed en vasbyt in moeilike omstandighede.
- Ek is dapper in tye van gevaar en beproewing.
- Ek toon altyd goeie sportmangees hetsy ons wen of verloor.
- Ek is geesdriftig, hoopvol en vertrou op die Here.

H - Hardwerkendheid

- Ek studeer en werk met ywer aan my akademie.
- Ek oefen getrou en volhard met toewyding in sport en kultuur.
- Ek bring my kant en steek nie lyf weg nie.

O - Orde en dissipline

- Ek is selfgedissiplineerd in al my doen en late.
- Ek is selfverantwoordelik en kom my pligte behoorlik na.
- Ek ondersteun die skoolreëls en handhaaf die goeie orde.
- Ek vermy enige vorm van wangedrag en verkeerde optrede.

U - Uitnemendheid

- Ek gee my beste en handhaaf hoë standaarde.
- Ek streef na uitnemendheid op akademiese-, kulturele- en sportgebied.
- Ek poog om my Godgegewe talente ten volle tot Sy eer te benut.

3 REGTE EN PLIGTE

3.1 Leerders van die Skool respekteer mekaar se regte en onderneem om die gepaardgaande pligte na te kom.

3.2 Elke leerder het die reg op basiese onderwys, maar elke leerder het dienooreenkomstig ook die plig om basiese onderwys te laat plaasvind.

3.3 Elke leerder het die reg om in ’n ordelike en geborge omgewing skool te gaan, maar elke leerder het ook die plig om orde te handhaaf en gedissiplineerd op te tree.

3.4 Elke leerder het die reg op menswaardigheid (reg om met agting en respek behandel te word) en om nie beledig, geteister, belaster of verneder te word nie. Elke leerder het ook die plig om ander persone met respek en agting te behandel.

3.5 Elke leerder het die reg op veiligheid van persoon en derhalwe het elke leerder die reg om nie wrede of onmenslike strawwe soos lyfstraf en eensame aanhouding te ontvang nie. Elke leerder het ook die reg om in ’n veilige en geborge skoolomgewing opvoeding te ontvang. Tog het elke leerder ook die plig om ander se veiligheid te verseker en om nie gewelddadig op te tree nie.

3.6 Elke leerder het die reg om nie verwaarloos of mishandel te word nie, maar elke leerder het ook die plig om ander nie te mishandel, af te knou of te teister nie.

3.7 Elke leerder het die reg op gelykheid, maar elke leerder het ook die plig om nie onbillik teen ander te diskrimineer op grond van ras, geslag, taal, kultuur of godsdiens nie.

3.8 Elke leerder het die reg op vryheid van uitdrukking, maar elke leerder het ook die plig om nie ’n ander persoon te beledig of te belaster nie en om nie met haatspraak rassisties of seksisties te wees nie.

3.9 Elke leerder het die reg op privaatheid, maar elke leerder het ook die plig om ander se privaatheid te respekteer.

3.10 Elke leerder het die reg op vryheid van assosiasie, maar elke leerder het ook die plig om verskillende groeperings en assosiasies toe te laat.

3.11 Elke leerder het die reg op godsdiensvryheid, maar elke leerder het ook die plig om ander se godsdiensvryheid en godsdiensoortuigings te respekteer.

3.12 Alle leerders het die reg om hulle taal en kultuur te beoefen, maar alle leerders het ook die plig om verskillende tale en kulture te laat gedy.

3.13 Leerders se regte is nie absoluut nie, maar mag binne die raamwerk van die Handves van Regte en MET inagneming van ander persone se regte beperk word.

4 SKOOLREËLS

4.1 Die skoolreëls het ten doel om:

(1) die algemene organisasie en ordelike funksionering van die Skool te reël;
(2) tydsbenutting, roetine en skoolbywoning optimaal te reguleer;
(3) 'n geborge en veilige skoolomgewing daar te stel en
(4) goeie gedrag, orde en dissipline te bevorder.

4.2 Skooltye en stiptelikheid:

(1) Tensy alternatiewe reëlings spesifiek na gelang van omstandighede met die goedkeuring van die Beheerliggaam getref word, is die skooltye van die Skool normaalweg vanaf 07:20 tot 13:30 op Maandae tot Vrydae, maar op Donderdae is die skooltyd vanaf 07:20 tot 13:00.
(2) Die lengte van klasperiodes word deur die skoolhoof bepaal, maar is normaalweg 40 minute per periode, maar kan na gelang van die omstandighede deur die skoolhoof aangepas word.
(3) Die toegelate tydperk vir klaswisseling is 4 minute.
(4) Leerders moet 'n klas dadelik verlaat wanneer die klok lui en moet die volgende klas so gou as moontlik bereik.
(5) Elke leerder moet betyds by die Skool en by elke periode wees en laatkom is 'n ernstige oortreding.
(6) Dit is belangrik dat elke leerder betyds is vir elke afspraak bv. sportoefeninge, na-uurse klasse en kultuuraktiwiteite.
(7) In gevalle waar laatkom onvermydelik was, moet daar behoorlik deur die leerders en hul ouers verskoning gemaak word.
(8) Gereelde laatkommers se name word opgeteken met die oog op verdere dissiplinêre optrede.

4.3 Skoolbywoning:

(1) Die Skool heg die hoogste prioriteit aan die verskaffing van gehalte onderwys ten einde aan elke leerder die geleentheid te bied om akademiese sukses te behaal.
(2) Aangesien die Skool akademiese uitnemendheid nastreef, word daar van elke leerder verwag om **ten minste 98%** skoolbywoning te handhaaf. Met ander

woorde, ’n leerder mag slegs ’n maksimum van 4 dae per skooljaar afwesig wees.

(3) Dit is belangrik dat elke leerder in elke klas waar hy hoort, teenwoordig is, aangesien sy bydrae en deelname deurentyd evalueer word.

(4) Volgens departementele voorskrif mag ’n leerder wat 10 dae afwesig is, van die register verwyder word.

(5) Afwesigheid sonder toestemming of geldige rede is ’n ernstige oortreding van hierdie Gedragskode.

(6) Leerders wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die Skool afwesig is, moet met hul terugkeer ’n skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien ’n brief deur ’n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, buiten in die geval van dood of trauma in die leerder se gesin of om ’n ander rede wat deur die skoolhoof goedgekeur word.

4.4 Optrede in die skoolsaal:

(1) Tydens saalopeninge betree leerders die saal op ’n stil en ordelike wyse nadat die opvoeders hulle daartoe gelas het.

(2) Terwyl 'n persoon van die verhoog af praat, mag geen op- of aanmerkings gemaak word nie.

(3) Tydens toesprake en godsdiensoefeninge heers daar doodse stilte.

(4) Wolffluite of soortgelyke gedrag pas nie by 'n Gimmie nie en is ontoelaatbaar.

(5) Die saal is vir die res van die week vir leerders verbode terrein, behalwe onder toesig van 'n personeellid.

(6) Tydens opvoerings in die saal moet elkeen se gedrag van so 'n aard wees dat dit die personeel, leerders en besoekers (lede van die publiek) in ag neem.

(7) Geen ontwrigtende gedrag word in die saal toegelaat nie.

4.5 Klasreëls en optrede in die klaskamer:

(1) Aan die begin van elke jaar moet elke klasopvoeder, in oorleg met die leerders, gepaste klasreëls daarstel en bekendmaak.

(2) Individuele opvoeders pas beheermaatreëls in klaskamers toe ten einde ’n veilige, geborge en gedissiplineerde atmosfeer vir onderrig en leer te skep.

(3) Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie Gedragskode uit te voer of om die Skool behoorlik te bestuur.

(4) Daar sal te alle tye ’n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie.

(5) Leerders moet die klasreëls eerbiedig en opdragte nakom.

(6) Leerders moet klaskamers ordelik binnegaan en verlaat.
(7) Tydens ’n periode mag niemand sonder verlof van die klasopvoeder die klaskamer verlaat nie.
(8) Stilte moet gehandhaaf word wanneer afkondigings gedoen word of afgesluit word.
(9) Gekskeerdery met opvoeders of proefstudente, ontwrigting van die klas, swak gedrag en ongehoorsaamheid word nie toegelaat nie.
(10) Leerders wat deur hulle gedrag ’n klas ontwrig, sal uitgestuur word of dienooreenkomstig die Dissiplinêre kode gestraf word.
(11) Enige oortreding van die klasreëls sal as ’n oortreding van hierdie Gedragskode en skoolreëls beskou word.

4.6 Optrede tydens klaswisseling:

(1) Leerders stap flink en vinnig, agtermekaar, aan die linkerkant, met die kortste pad na 'n klaskamer.
(2) Leerders moet op die stoepe of paadjies bly en moenie oor grasperke, grond of deur modder loop nie.
(3) Onnodige lawaai, geskreeu of wanordelike gedrag tydens klaswisseling is verbode.
(4) Geen leerder mag tussen periodes in die son sit of staan nie, tensy toestemming verkry is om op die stoep voor die klas te sit.
(5) Geen leerder mag op die muurtjies op die boonste vloer sit of hul voete daaroor laat hang nie.
(6) Geen tasse of voorwerpe mag van die boonste vloer na onder gegooi word nie.

4.7 Optrede van toeskouers langs die sportveld:

(1) Geen aanmerkings van watter aard ook al word vanaf die pawiljoen teenoor 'n skeidsregter of speler gemaak nie.
(2) Gesonde sportmangees word te alle tye gehandhaaf.
(3) Leerders van die Skool is nooit windmakerig of snobisties nie.
(4) Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie Gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou.

4.8 Optrede tydens opvoerings, debatte, prysuitdelingsfunksies en soortgelyke geleenthede:

(1) Elke leerder respekteer die kunstenaar, spreker of ontvanger van 'n prys deur stil te bly tydens optrede of prysuitdeling.

(2) Elke leerder gee op ’n gepaste en respekvolle manier applous, deur nie te skreeu of te fluit nie.
(3) Elke leerder behou sy sitplek tot die aanbreek van pouse of die einde van die funksie of opvoering en derhalwe moet leerders nie onnodiglik rondloop nie.
(4) Elke leerder erken ook mede-leerders se prestasies deur te bly tot aan die einde van elke prysuitdelingsfunksie.

4.9 Optrede teenoor mede-leerders en die teenoorgestelde geslag:

(1) In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders so ver moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon.
(2) In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee.
(3) Gesonde sosiale interaksie tussen seuns en dogters word aangemoedig.
(4) Geen handjievashouery, drukkery, klouery of soenery word tussen leerders van die Skool toegelaat nie. Enige van hierdie gedrag is geheel en al verbode op die skoolterrein, by die koshuis, tydens pouses, tydens klaswisseling, in die klas of op pad na of vanaf die Skool.
(5) Enige onbehoorlike fisiese kontak of vryery tussen leerders op die skoolterrein, op die sportterrein, in enige bus of voertuig of enige ander plek waar hulle met die Skool geassosieer kan word, is streng verbode.

4.10 Beleefde optrede teenoor volwassenes, personeel, besoekers en mede-leerders:

(1) ’n Leerder is beleefd en toon goeie maniere teenoor alle persone.
(2) Leerders van die Skool staan op as 'n volwassene met hulle praat. Hierdie reël geld ook tydens pouses en op die skoolterrein.
(3) 'n Leerder groet alle volwassenes en besoekers vriendelik, al is dit 100 keer op 'n dag.
(4) ’n Seun staan nie met hande in die broeksakke terwyl hy met ’n volwassene, ’n besoeker of 'n dogter praat nie.
(5) 'n Leerder van die Skool is altyd hulpvaardig teenoor besoekers.
(6) ’n Leerder tree te alle tye hoflik en vriendelik op teenoor opvoeders, administratiewe personeel, algemene assistente, besoekers en mede-leerders.

4.11 Optrede tydens sport- en buitekurrikulêre aktiwiteite:

(1) Elke leerder neem met ’n positiewe gesindheid deel om te wen, met alles tot sy beskikking, na die beste van sy vermoë, volgens die reëls van die sport en tot die einde van die item, wedloop of wedstryd.
(2) Leerders wat gekies word om die Skool as deelnemers in enige sport- of ander

buitekurrikulêre aktiwiteite te verteenwoordig, moet gedurende en ná deelname aan sodanige aktiwiteit in die sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag geklee wees soos wat die opvoeder wat vir daardie aktiwiteit verantwoordelik is, bepaal.

(3) Alle leerders wat aan voorgemelde aktiwiteite deelneem, sal lojaal wees teenoor die Skool en mededeelnemers. In die besonder moet deelnemers betyds en stiptelik by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of van waar deelnemers na die betrokke plek van deelname vertrek.

(4) 'n Leerder is altyd stiptelik, daag altyd betyds vir oefening en wedstryde op en laat nooit sy span in die steek nie.

(5) Leerders wat aan aktiwiteite deelneem en in 'n span opgeneem word, onderneem, saam met hul ouers, om vir al die wedstryde of byeenkomste beskikbaar te wees.

(6) 'n Leerder laat vaar nie 'n sportsoort as hy na 'n laer span geskuif word nie.

(7) Slegs in uiters buitengewone omstandighede sal so 'n leerder verskoon word en ook eers nadat die ouers persoonlik die skoolhoof/adjunkhoof ingelig het van die aard van die omstandighede.

(8) Dis onverskoonbaar indien 'n leerder net onttrek of wegbly van 'n optrede of wedstryd en sy span en die Skool in die steek laat.

(9) Alhoewel daar aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en volle inspanning doen, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.

(10) Alle leerders toon goeie sportmangees deur die reëls van die spel eerlik na te kom, grootmoedig te wees in oorwinning, manmoedig te verloor en nooit met hul eie spanmaats te redekawel nie.

(11) Leerders wat die Skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, sal te alle tye hoflik optree en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte voldoen van:
- die Sporthoof en die opvoeder wat by die bepaalde sport betrokke is;
- die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit en
- die spankaptein.

(12) Indien 'n leerder ongelukkig voel oor enige onbillike behandeling of onregverdige besluitneming tydens sportdeelname, spankeuse of sportoefening, mag die leerder 'n grief op 'n beleefde manier by die skoolhoof aanhangig maak. Die skoolhoof sal die saak ondersoek en uitsluitsel oor die klagte gee.

(13) Bostaande reëls geld dienooreenkomstig vir enige deelname aan buitekurrikulêre aktiwiteite.

4.12 Eerlikheid: huiswerk, toetse en eksamens:

(1) Eerlikheid is ’n kernbelangrike waarde van die Skool en ons het die hoogste agting vir die waarheid.

(2) Aangesien alle leerders tydens hul volwasse lewens verantwoordelik sal wees vir hul eie prestasies en die dienste of produkte wat hulle lewer, word dit van elke leerder verwag om sy eie skoolwerk te doen en self te leer om aan die akademiese vereistes te voldoen.

(3) Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, ’n skriftelike nota van sy ouers met ’n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.

(4) Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.

(5) Oneerlikheid word in ’n baie ernstige lig beskou en derhalwe is die volgende van belang:

a. Die afskryf van huiswerk by 'n mede-leerder is verbode.
b. Enige leerder wat sy werk beskikbaar stel of uitleen, begaan ook ’n oortreding.
c. Alle take en projekte moet deur leerders self gedoen word, tensy die opdrag spesifiek meld dat dit groepwerk behels.
d. Ouers, vriende of familie mag nie die leerder se take of huiswerk doen nie, maar hulle mag wel hulp verleen en advies gee.
e. Vraestelle of toetse wat vooraf bekom word, is onwettig en sodanige oneerlike optrede word as ernstige wangedrag beskou.
f. Dit is ontoelaatbaar dat ’n leerder gedurende toetse en eksamens afskryf, of versteekte notas raadpleeg ("krip"). Sodanige optrede is ernstige wangedrag wat ingevolge die Dissiplinêre kode hanteer sal word.

4.13 Selfone, *ipads* en ander elektroniese apparaat:

(1) Selfone*, ipads* en ander elektroniese apparaat moet afgeskakel wees tydens alle klasse en saalopeninge. Met ander woorde, dit mag slegs aan wees voor skool, gedurende pouses en na skool.

(2) Leerders mag onder geen omstandighede met enige elektroniese apparaat soos *ipads*, selfone, slimhorlosies, ensovoorts speel of SMS’e/*whatsapp’s* gedurende klastye stuur of ontvang nie.

(3) In noodgevalle moet die Skool geskakel word om ’n boodskap aan ’n leerder oor te dra.

(4) Indien bostaande reëls oortree word, sal die die leerder versoek word om die selfoon, *ipad* of elektroniese apparaat op ‘n veilige plek by die opvoeder te stoor

tot na afloop van die periode. Die dissiplinêre maatreëls volgens die dissiplinêre kode sal vervolgens toegepas word.

(5) Geen selfoon of slimhorlosie word in ŉ eksamenlokaal of klaskamer toegelaat tydens die aflê van ŉ eksamen of toets nie. Selfone moet dan liefs by die huis gelaat word.

(6) Die Skool of personeel aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone, *ipads* of derglike items wat na die Skool gebring word of in tasse gelos word en wegraak of gesteel word nie. Elke leerder neem self die risiko om die selfoon of elektroniese item na die Skool te bring en dit is elke leerder se eie verantwoordelikheid om dit op te pas.

4.14 Kleedkamers:

(1) Kleedkamers is die vernaamste plek by die Skool waar elke leerder se optrede, soos by die huis, in alle opsigte sindelik, bedagsaam, netjies en korrek moet wees.

(2) Elke leerder moet die kleedkamers ná gebruik skoon, sindelik en higiënies laat.

(3) Die volgende vorms van wangedrag is ten strengste verbode by kleedkamers:
   a. Onnodige watergebruik of mors met water;
   b. Mors met toiletpapier;
   c. Skending van ander persone se privaatheid deur afloerdery, neem van foto's ensovoorts;
   d. Onnodige samedromming;
   e. Enige vorm van ontsiering van eiendom soos slagspreuke (graffiti);
   f. Enige vorm van saakbeskadiging of onwettige bedrywighede; en
   g. Rook.

(4) Gimmieraadlede en personeel wat aan diens is, moet gereeld ondersoek by kleedkamers instel en enige vorm van wangedrag streng hanteer.

4.15 Toegang tot skoolterrein:

(1) Toegang tot die Skool en terrein word beheer deur die Veiligheidsregulasies vir openbare skole ingevolge die Skolewet gedateer 12 Oktober 2001 soos gewysig.

(2) Geen persoon wat nie ŉ ingeskrewe leerder of personeellid van die Skool is nie, mag sonder toestemming van die skoolhoof of die provinsiale departementshoof toegang tot die Skool en terrein verkry nie.

(3) Ouers of besoekers aan die Skool moet voor die beoogde besoek ŉ persoonlike afspraak met die skoolhoof maak om toestemming vir die besoek te verkry.

(4) Die binnekom of verlaat van die terrein deur oor of deur die heining te klim, is verbode.

(5) Geen fietse of skaatsplanke mag op die stoepe, tennisbane of netbalbane gebruik word nie. Fietse moet tot by die uitgangshek gestoot word.

4.16 Skooleiendom:

(1) Aangesien die Skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is dit alle leerders se voorreg en plig om alles in hul vermoë te doen om die skooleiendom, geboue, fasiliteite, toerusting en meubels behoorlik te benut, te onderhou en te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die Skool gebruik kan word.

(2) Leerders mag nie enige skooleiendom (soos bv. skoolgeboue, meubels, apparaat en sportfasiliteite) beskadig, skend of vernietig nie. Enige leerder wat enige skooleiendom opsetlik misbruik, beskadig of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is 'n strafbare oortreding.

(3) Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die Skool, mede-leerders, besoekers aan die Skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël geld eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die Skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word.

(4) 'n Leerder, ouer of enige persoon wat verantwoordelik is vir die misbruik, beskadiging of ontsiering van die Skool se eiendom, fasiliteite, toerusting of geboue moet die skade herstel of vergoeding vir skade betaal. Saakbeskadiging is 'n strafbare oortreding.

(5) Daar word van elke leerder verwag om die skoolterrein netjies en skoon te hou deur papiere, blikke, bottels en rommel op te tel en in vullishouers te plaas.

(6) Rommelstrooiing is 'n oortreding en oortreders sal in hulle vrye tyd die terrein moet skoonmaak.

(7) Geen plante en bome mag beskadig word nie en plantbeddings mag nie deur leerders betree word nie.

4.17 Verbode plekke:

(1) Die volgende gebiede en plekke is gedurende pouses verbode vir leerders:

a. Koshuis;
b. Alle klaskamers, tensy dit in die teenwoordigheid van 'n opvoeder geskied;
c. Die trappe en die boonste stoepe;
d. Die personeelkamer;
e. Die terrein suid van die personeelkamer en die laboratoriumblok;
f. Die terrein oos van die dienspad;
g. Die area waar fietse en motorfietse geparkeer word;
h. Die area waar personeel hulle motors parkeer;

i. Leerders mag nie pouses in hulle eie motors gaan sit nie;
j. Leerders mag nie pouses oor die heinings met ander persone, hetsy ouers, besoekers of vreemdelinge, kuier nie en
k. Leerders mag nie alleen en sonder toestemming in die rekenaarsentrums wees nie.

(2) Enige oortreding van hierdie reël sal as 'n oortreding van die Gedragskode beskou word.

4.18 Verbode aktiwiteite:

(1) Rook/drankgebruik en/of besit/dwelmgebruik en of besit:
a. Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, nikotienbevattende middels, e-sigarette, *vape*, pype, *hubbly-bubbly*-waterpype, snuif, drank, ander alkoholiese middels, dwelmmiddels of verbode/onwettige middels op die skoolterrein, by die koshuis, by skoolfunksies, by sportbyeenkomste, gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is of in enige openbare plek waar hul met die Skool geassosieer kan word of waar hulle die Skool se naam in gedrang bring, is verbode.
b. Leerders word verbied om na drank te ruik of onder die invloed van drank/dwelmmiddels op die skoolterrein te kom.

(2) Pornografiese materiaal/voorwerpe:
a. Leerders mag onder geen omstandighede pornografiese materiaal in die vorm van boeke, tydskrifte, seksverwante materiaal, foto's en rekenaardiskette of pornografiese of afstootlike voorwerpe in hulle besit hê as hulle die skoolterrein binnekom nie.
b. Geen pornografie mag op die Skool se internet gekyk, afgelaai of aan ander vertoon word nie.
c. Geen pornografie mag op selfone, rekenaars of elektroniese apparaat gekyk, afgelaai of aan ander vertoon word nie.

(3) Dobbelary:
a. Dobbelary van enige aard deur 'n leerder op die skoolterrein, in of by die koshuis, of in skoolklere buite die terrein, word verbied.

(4) Okkultebedrywighede:
a. Satanisme of okkultebedrywighede van watter aard ook al word verbied.

(5) Ontgroening of inisiasiepraktyke:
a. Graad 8-leerders sal onderwerp word aan 'n sinvolle inburgeringsprogram by die Skool, wat vooraf deur die skoolhoof en Gimmieraadvoogde goedgekeur is, onder leiding van die Gimmieraad en hulle voogde en sal plaasvind onder streng toesig.
b. Enige ander vorm van ontgroening of inisiasie van leerders by die koshuis, op uitstappies, of by watter plek ook al, is streng verbode.

c. Geen senior leerder mag ’n graad 8-leerder op enige manier fisies of geestelik leed aandoen of skade berokken nie.

(6) Onwelvoeglike taal:

a. Om haatspraak, vloektaal, onwelvoeglike taal, vuiltaal en beledigings te uiter, te skryf of op welke manier ook al te kommunikeer, is verbode.

(7) Bakleiery/afknouery/seksuele teistering:

a. Vuisslanery, bakleiery, aanranding of enige vorm van gewelddadige optrede, is streng verbode.

b. Afknouery, bullebakkery, teistering, seksuele teistering of onverantwoordelike optrede teenoor ander leerders of personeel wat hulle fisiese- of sielkundige leed aandoen, is streng verbode.

(8) Diefstal:

a. Diefstal van enige aard is verbode.

b. Geen artikels mag uit stoor- of klaskamers of van die skool- of sportterrein verwyder word sonder die opvoeder se toestemming nie.

c. Geen leerder mag in 'n ander se tas krap nie.

d. Respekteer mede-leerders se eiendom soos sakrekenaars, selfone, rekenaars, elektroniese apparaat, penne, handboeke, sakke, kos ensovoorts.

e. Handig artikels wat jy optel en verlore artikels by die kantoor in.

f. Bly weg van verbode terreine waar motorfietse, fietse, ens. parkeer word.

(9) Vandalisme:

a. Beskadiging van skooleiendom soos sluitkaste, deurslotte, banke, deure, mure, pawiljoen, vensters, dakke, toerusting, meubels, ensovoorts is verbode en word sterk veroordeel.

b. Geen leerder mag met die rekenaars peuter, die opstellings verander of onwettige programme daarop laai nie.

c. Leerders wat rekenaars beskadig, sal geweier word om verder Inligtingstegnologie of Rekenaartoepassingstegnologie te neem.

d. Koste aan die herstel van beskadigde eiendom sal van die oortreder of die oortreder se ouers verhaal word.

e. As iets per ongeluk gebreek word, moet dit dadelik aan die betrokke personeellid gerapporteer word.

f. Leerders moet dade van vandalisme onmiddellik aan die tugkomitee of lid van die Gimmieraad rapporteer.

(10) Stokkiesdraai/ontduiking van periodes/wegloop by die Skool:

a. Afwesighede sonder verlof, of die skoolterrein verlaat sonder verlof, of sekere periodes ontduik, is ’n ernstige oortreding.

b. Volgens departementele voorskrif mag ’n leerder wat 10 dae afwesig is van die register verwyder word.
c. 'n Leerder mag slegs afwesig wees in buitengewone omstandighede.
d. Na elke afwesigheid moet 'n leerder, sodra hy weer by die Skool is, 'n skriftelike verskoning vanaf die ouer inhandig. Geen telefoniese verskonings word aanvaar nie.
e. In gevalle van begrafnisse of buitengewone doktersafsprake, moet minstens twee dae vooraf skriftelik gereël word.
f. Vooraf toestemming moet verkry word in alle gevalle waar 'n leerder die terrein in skooltyd moet verlaat. Toestemming sal volgens diskresie van die hoof oorweeg word.
g. Die leerder moet deur die ouer/voog by die administratiewe kantoor uitgeteken word nadat toestemming verkry is. Motorlisensies, fisioterapie-afsprake, tandartsafsprake, sportgebeurtenisse, vakansie, jagtogte, saamrygeleenthede moet liefs nie in skooltyd plaasvind nie.
h. Geen leerder teken homself uit nie.
i. Afwesighede tydens toetse of eksamens sal slegs wettig wees as 'n volledige en geldige doktersertifikaat ingehandig word. Sodanige toetse of eksamens moet wel op ’n latere stadium afgelê word.
j. Wanneer leerders vir toesig moet gaan, moet hulle seker maak dat hulle in die regte klas is.

(11) Spanmaats of Skool in die steek laat:
a. Indien 'n leerder aan 'n aktiwiteit deelneem en in ’n span opgeneem word, onderneem hy en sy ouers dat hy vir al die wedstryde beskikbaar sal wees.
b. Slegs in uiters buitengewone omstandighede sal so 'n leerder verskoon word en ook eers nadat die ouers persoonlik die hoof en die afrigter ingelig het van die aard van die omstandighede.
c. Dis onverskoonbaar indien 'n leerder net onttrek of wegbly van ’n optrede of wedstryd en sy span/skool in die steek laat.

4.19 Veiligheid:

(1) Ten einde elke leerder se veiligheid te verseker, mag daar onder geen omstandighede met die volgende apparaat geoefen, gespeel of gewerk word sonder toesig van 'n opvoeder nie:
a. Sportapparaat soos spiese, gewigte, hamers, werpskywe, boulmasjien, ensovoorts;
b. Brandblussers en brandslange;
c. Alarms en veiligheidsapparaat;
d. Laboratorium- en sentrumapparaat van watter aard ook al. (bv. beitels, sae, skêre, draaibanke, enige elektriese apparaat, chemikalieë, ens.);

e. Skyfskietgewere;
f. Geen leerder mag gevaarlike voorwerpe soos vuurwapens, messe, lemmetjies, spuitnaalde, klappers, vuurhoutjies of aanstekers, plofstof, voëlrekkers en *peashooters* op die skoolterrein in hulle besit hê nie. Al hierdie gemelde en soortgelyke items of voorwerpe word verbied.

(2) Leerders mag nie sonder toestemming en toesig deur 'n opvoeder, afrigter of gemagtigde volwassene in die swembad swem of die swembadterrein betree nie.

(3) Gevaarlike speletjies of aktiwiteite wat kan lei tot beserings is verbode.

(4) Redelike vermoede en deursoeking:
In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie Gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, kan hul deursoek word ingevolge die beginsels soos vervat in die Dwelm- en Alkoholbeleid.

(5) Beslaglegging van onwettige of gevaarlike items:
Indien die skoolhoof, 'n opvoeder of 'n gemagtigde persoon na deursoeking enige items soos vuurwapens, ander gevaarlike wapens, dwelms of sterk drank, gevaarlike stowwe, gesteelde items of pornografiese materiaal op die skool- of koshuisterrein of in besit van 'n leerder vind, mag hierdie items gekonfiskeer word. Verdere stappe vir ernstige wangedrag moet dan ingevolge die dissiplinêre kode gevolg word.

(6) Onmiddellike rapportering van onveilige toestande:
Elke leerder het die plig om dadelik onveilige toestande, gevaarlike optrede of verdagte persone aan die opvoeder wat op terreindiens is, of aan 'n lid van die Gimmieraad te rapporteer. Die opvoeder of Gimmieraadlid moet onmiddellik stappe neem om die skoolhoof te verwittig ten einde die veiligheid van die Skool te verseker.

4.20 Fietse, motorfietse en motors:

(1) Alle fietse mag slegs in die areas daarvoor afgesonder, gelaat word. Dit moet ook gesluit wees.

(2) Motorfietse moet ook in die area vir hulle afgesonder geplaas en gesluit word.

(3) Hierdie areas is buite perke vir alle leerders totdat die Skool uitkom.

(4) Alle motorvoertuie, motorfietse en fietse word op eie risiko op en om die skoolterrein parkeer.

(5) Geen leerder mag 'n voertuig sonder 'n lisensie op of om die skoolterrein bestuur nie.

(6) Leerders wat saam met ongelisensieerde of gelisensieerde motorbestuurders op die skoolterrein rondry, doen dit op eie risiko.

(7) Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder sodat dit 'n gevaar of moontlike nadeel vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en

lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein inhou, is streng verbode.

(8) Motors van leerders word nie in die skoolterrein toegelaat nie en moet buite in die straat geparkeer word.

4.21 Tasse en boeke:

(1) Slegs tasse wat boeke beskerm mag gebruik word.

(2) Graffiti word nie op tasse toegelaat nie.

(3) Leerders mag nie iemand se tas, skoolbenodigdhede of sportuitrusting wegsteek nie.

(4) Alle handboeke wat aan leerders uitgereik word, moet oorgetrek en goed opgepas word.

(5) Handboeke wat verlore raak, moet deur die leerder self vervang word of die geld moet by die Skool se finansiële kantoor inbetaal word.

4.22 Algemene gedrag en oortredings:

(1) Elke leerder is verbind tot die nakoming van hierdie Gedragskode by alle geleenthede en plekke waar die leerders, met of sonder skooldrag, die Skool verteenwoordig of as die leerder met die Skool geïdentifiseer kan word.

(2) Enige optrede van 'n leerder wat die goeie naam en beeld van die Skool in gedrang bring of oneer aandoen, sal as 'n oortreding van hierdie Gedragskode beskou word.

(3) Enige optrede deur 'n leerder wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die Skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie Gedragskode beskou word.

(4) Skuldigbevinding van 'n leerder aan 'n strafregtelike oortreding deur 'n hof sal as 'n oortreding van hierdie Gedragskode beskou word.

(5) Enige oortreding van hierdie reëls sal as 'n oortreding van die Gedragskode beskou word.

5 NETHEID EN SKOOLDRAG

5.1 Rasionaal vir die netheidsreëls:

Groot waarde word aan netheid in skooldrag, voorkoms, houding en skoolwerk geheg, aangesien dit die volgende tien positiewe gevolge het:

(1) Netheid bevorder selfrespek en selfdissipline by elke leerder.

(2) Netheid in skooldrag, voorkoms en houding dra 'n positiewe beeld van die leerder en die Skool uit.

(3) Netheid in voorkoms en houding van 'n leerder dwing respek by ander persone af en het 'n positiewe gesindheid jeens die leerder tot gevolg.

(4) Netheid en eenvormigheid in skooldrag en voorkoms bevorder groepsvorming, samehorigheid en groepslojaliteit tussen leerders.

(5) Netheid in skooldrag en voorkoms bevorder higiëne en gesonde gedrag.

(6) Netheid in skooldrag en skoolwerk dra daartoe by dat klere, boeke en besittings behoorlik opgepas en beter bewaar word.
(7) Netheid en eenvormigheid in skooldrag bevorder veiligheid, aangesien ongemagtigde besoekers of vreemdelinge onmiddellik geïdentifiseer kan word.
(8) Netheid en eenvormigheid in skooldrag en voorkoms bou voort op die Skool se gewaardeerde tradisies waar erkenning gegee word aan leerders se prestasies, leiers se posisies, groepaffiliasie en senioriteit van matriekleerders.
(9) Netheid in skoolwerk vergemaklik studie en hersiening en bevorder die bereiking van goeie akademiese resultate.
(10) Netheid in skooldrag, voorkoms en houding bevorder algemene dissipline.

5.2 Beperking van reg op vryheid van uitdrukking:

(1) Elke leerder het die reg op vryheid van uitdrukking, maar daarbenewens het elke leerder ook die gepaardgaande reg op basiese onderwys en die reg op vryheid van assosiasie.
(2) Die reg van elke leerder om vrylik uitdrukking te gee aan sy unieke styl van kleredrag en voorkoms is nie absoluut nie en word beperk deur die Skool se reëls aangaande eenvormige skooldrag en voorkoms.
(3) Elke leerder wat inskryf by die Skool het die reg en plig om die reëls oor eenvormige skooldrag en voorkoms na te kom terwyl hy met die Skool geassosieer word.
(4) Derhalwe word van alle leerders verwag om eenvormige skooldrag te dra en om uiters netjies ten opsigte van hul skooldrag, voorkoms, skoolwerk en houding te wees en die reëls aangaande netheid nougeset na te kom.

5.3 Skooldrag – algemene reëls:

(1) Skooldrag moet te alle tye uiters netjies en korrek gedra word. Dit is veral noodsaaklik dat elke leerder in die openbaar netjies en streng volgens die voorskrifte aantrek.
(2) Alle leerders moet so ver moontlik hul skoolkleurbaadjies op saalopeningdae en tydens amptelike skoolfunksies dra.
(3) Skooldrag word onder geen omstandighede met ander drag vermeng nie. Geen jasse*, windbreakers* ens. mag by skooldrag gedra word nie. 'n Gimmie Drimac of sweetpakbaadjie word wel toegelaat.
(4) 'n Trui moet korrek gedra word en mag nie uitgerek word nie. Oortrektruie mag deurgaans gedra word.
(5) Seuns en dogters se langbroeke mag nie nouer afgewerk word nie.
(6) Dogters se langbroeke moet saam met 'n trui, kleurbaadjie of Gimmie Drimac gedra word. 'n Dogterslangbroek mag nie slegs met 'n hemp gedra word nie.
(7) Slegs die voorgeskrewe kleure kouse mag by 'n langbroek gedra word.
(8) Geen skoene met gespes, geen stewels, geen buitengewone dik sole of platvormskoene word toegelaat nie.
(9) Terwyl sportdeelnemers nie in 'n wedstryd of wedloop betrokke is nie, moet hulle Gimmie-drag dra soos vooraf gereël.
(10) Geen armbande, bandjies, kettings of hangertjies om die nek, arms of enkels word saam met sport- of skooldrag toegelaat nie (seuns en dogters).

(11) Skoene moet altyd netjies en skoon wees en skoenveters moet altyd netjies vasgemaak wees.
(12) Hempsmouknope moet vas wees, andersins moet moue opgerol word tot bo die elmboog.
(13) Die boonste hempsknoop van seuns se hemde moet altyd vasgemaak wees.
(14) Seuns dra dwarsdeur die jaar 'n das.
(15) Soos deur die skoolbestuur bepaal, mag leerders van die onderskeie koshuise, kultuurverenigings en eerste sportspanne op sekere dae van die kwartaal 'n skoolpet of skoolhoedjie met 'n identifiserende embleem, wat deur die Beheerliggaam goedgekeur is, dra.
(16) Ten einde goedkeuring vir 'n skoolpet of skoolhoedjie met 'n unieke embleem te verkry, moet die betrokke groepering van leerders gedurende die voorafgaande kwartaal skriftelik by die Beheerliggaam aansoek doen vir goedkeuring.

5.4 Skooldragspesifikasies:
Die spesifikasies vir skool-, kultuur- en sportdrag is as volg:

5.4.1 Skooldrag vir seuns:
(1) Die somersdrag vir seuns is 'n wit skoolhemp (kort- of langmou), grys lang- of kortbroek, swart skoene met swart veters, Gimmie navy kouse met grys streep en 'n skooldas.
(2) Die wintersdrag vir seuns is soos die somerdrag met skooltrui en/of navyblou kleurbaadjie of Gimmie Drimac. Slegs die skoolserp word toegelaat.

5.4.2 Skooldrag vir dogters:
(1) Die somersdrag vir dogters is 'n somerskoolrok, 'n navyblou skoolkleurbaadjie of trui is opsioneel, swart skoolskoene en wit skoolkouse.
(2) Die somerskoolrok moet 'n aanvaarbare lengte hê.
(3) Die wintersdrag vir dogters is 'n donkerblou romp of voorgeskrewe donkerblou langbroek, wit skoolhemp, 'n skooldas, 'n skooltrui en/of 'n kleurbaadjie of 'n Gimmie Drimac, swart sykouse (of swart of navy kouse saam met langbroek), swart skoolskoene en 'n skoolserp.
(4) Die romp mag nie afgewerk word nie en geen splete of plooie word toegelaat nie.

5.4.3 Kultuurdrag:
Die kultuurdrag is soos die wintersdrag sonder die opsie van 'n Gimmie Drimac.

5.5 Sportdrag

5.5.1 Toeskouersdrag:
(1) Die **somersdrag** vir toeskouers is die volledige somerskooldrag **<u>of</u>** 'n Gimmie-gholfhemp met 'n donkerblou denim-langbroek en toepaslike skoene.
(2) Geen plakkies of sandale word toegelaat nie.
(3) Die **wintersdrag** vir toeskouers is die volledige winterskooldrag **<u>of</u>** soos by somersdrag met 'n Gimmie Drimac.

5.5.2 Sportdrag vir deelnemers:
Elke sportsoort dra die sportklere soos deur die afrigter of Sporthoof voorgeskryf.

5.6 Matriekafskeid:

Die volgende riglyne en aanbevelings geld ten opsigte van die matriekafskeid:

(1) Die aand se drag moet stylvol, elegant en formeel wees.
(2) Die uitrustings kan modieus wees, maar moenie goedkoop of ontblotend wees nie.
(3) Geen gewaagde uitrustings met slegs lyfverf ("*bodypaint*") of deursigtige gedeeltes word toegelaat nie.
(4) Enige oortreding van hierdie reëls sal as 'n oortreding van die Gedragskode beskou word.

6 NETHEID: VOORKOMS

6.1 Seuns se voorkoms:

(1) Seuns se hare moet te alle tye kort en netjies geknip wees.
(2) Die hare mag nie aan sy kraag raak as hy staan nie.
(3) Die hare agter in die nek mag nie dik wees nie en ook nie omkrul nie.
(4) Die gedeelte om die ore moet skoongeknip wees. Hare mag nie aan die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie.
(5) Wanneer die hare afgekam word, mag dit nie aan die wenkbroue raak nie.
(6) Wangbaard (*sideburns*) kan tot by die middel van die oor strek.
(7) Hare moet agter reëlmatig opgesny word.
(8) Hare mag nie uitermate van die kop wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie.
(9) Haarstyle wat onder uitgeskeer of -geknip word, oftewel *undercuts*, is verbode.
(10) Haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Hare mag nie gekleur word nie en geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie.
(11) Geen *punk* -style, *steps* of vreemde haarstyle met "klossies" word toegelaat nie.
(12) "Jel" mag nie gebruik word om hare 'n deurmekaar of vreemde styl te gee nie.
(13) Seuns moet te alle tye skoon geskeer wees.
(14) Geen oorbelle, hangertjies of ringe word by seuns toegelaat nie.
(15) Seuns se hare mag nie gevleg word nie.
(16) Geen musse mag gedra word nie.
(17) Enige oortreding van hierdie reëls sal as 'n oortreding van die Gedragskode beskou word.

6.2 Dogters se voorkoms:

(1) Dogters se hare moet te alle tye netjies en versorg wees.
(2) As 'n dogter se hare oor haar kraag val, moet dit vasgemaak word.
(3) Hare mag onder geen omstandighede vreemd gekleur word nie en die haarkleur moet te alle tye natuurlik vertoon. Geen onnatuurlike strepe word toegelaat nie.
(4) Ge-*permde* hare moet aan beskaafde standaarde voldoen, met ander woorde geen *punk*-style word toegelaat nie.
(5) Hare mag nie aan wenkbroue raak nie.

(6) Naels se wit mag nie langer as 2 mm wees nie. Kleurlose naellak word toegelaat. Franse manikuur is ook toelaatbaar.
(7) Geen vorm van grimering word toegelaat nie.
(8) Geen ringe mag aan die vingers gedra word nie.
(9) Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode.
(10) Slegs een pêrel, silwer of goue oorkrabbetjie of ringetjie per oor word toegelaat. Dit moet in die onderste gaatjie gedra word en mag nie groter as 'n 5c-stuk en dikker as 'n naald wees nie.
(11) Slegs donkerblou, swart of wit linte of bolletjies en slegs netjiese haarkleurige knippe/rekkies word toegelaat.
(12) Vals haarstukke of vlegsels is verbode.
(13) Geen slierte hare word toegelaat in die nek of langs die voorkop nie.

6.3 Aansoek om vrystelling ten opsigte van skoolreëls:

(1) Leerders kan op kulturele-, godsdienstige- of mediese gronde skriftelik by die Beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die Gedragskode vervat is.
(2) Sodanige aansoek moet volledige redes én stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus dus op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.
(3) Die aansoek moet skriftelik by die skoolhoof ingedien word, waarna dit vir oorweging na die Skool se Beheerliggaam verwys sal word.
(4) Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.
(5) In die oorweging van 'n aansoek om vrystelling sal die Beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat vir 'n regverdige beoordeling van die aansoek nodig geag word.
(6) By oorweging van die aansoek moet die Skool se Beheerliggaam deeglike oorweging aan die volgende faktore skenk:
    a. Die opregtheid van die leerder se kulturele-, geloofs- of godsdiensoortuigings;
    b. Die ware aard en omvang van godsdienstige voorskrifte of kulturele tradisies ten opsigte van kleredrag en voorkoms;
    c. Die mate waartoe die uitsondering tot nakoming van die skooldrag en voorkomsreëls tot verval of nadeel van die algemene dissipline in die Skool en by ander leerders sal lei;
    d. Maniere om die skooldrag en voorkomsreëls aan te pas ten einde die aansoek om vrystelling te akkommodeer.
(7) Die Beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg en die leerder skriftelik van die besluit verwittig.

7 DISSIPLINÊRE KODE

7.1 Oogmerk van die Dissiplinêre kode:

Die Dissiplinêre kode het ten doel om:

(1) Tipes wangedrag volgens graad van ernstigheid te klassifiseer;
(2) Die gepaste tugmaatreëls te beskryf;
(3) Die dissiplinêre prosedure uiteen te sit.

7.2 Prosedure by hantering van wangedrag:

Oortredings deur leerders word in drie kategorieë verdeel, naamlik:

7.2.1 Kategorie 1: Algemene wangedrag

Kategorie 1-oortredings behels minder ernstige wangedrag wat effektiewelik deur die klasopvoeder, Gimmieraad of graadhoof hanteer kan word. Dit behels die volgende:

(1) Nalaat om huiswerk te doen;
(2) Swak prestasie (toetse);
(3) Handboeke en skrifte nie beskikbaar nie;
(4) Ongehoorsaamheid, nie luister of oplet in die klas nie;
(5) Ontwrigting van klas of skoolaktiwiteite;
(6) Mors, eet of drink in die klas;
(7) Laatkom sonder rede (na 4 minute) by die klas;
(8) Afskryf van huiswerk of toelaat dat daar van 'n leerder afgeskryf word;
(9) Oortreding van reëls ten opsigte van voorkoms of kleredrag;
(10) Oortreding van reëls ten opsigte van klaswisseling
(11) Onbehoorlike liggaamlike kontak of vryery op die skoolterrein, busse of by skoolbyeenkomste;
(12) Afwesigheid van formele skoolbyeenkomste sonder geldige verskoning;
(13) Wegsteek van enige mede-leerder(s) se eiendom;
(14) Laatkom vir skool of skoolaktiwiteite;
(15) Rommelstrooi;
(16) Bemorsing van kleedkamers;
(17) Die versuim om skooldokumentasie, rapporte, omsendbriewe, skeurstrokies terug te bring of te laat onderteken deur ouers/voogde;
(18) Steurnisse in klasse a.g.v. selfone, slimhorlosies*, ipads* ensovoorts; en
(19) Algemene oortredings van die Gedragskode of skoolreëls.

7.2.2 Tugmaatreëls en prosedure by hantering van Kategorie 1-wangedrag:

In geval van ’n kategorie 1-oortreding, moet die oortreder na ’n opvoeder van die Skool verwys word. Die opvoeder moet elke oortreding onmiddellik hanteer en is by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

(1) Teken aan op die klasoortredingsregister of klaslys (Oortreding 1 en 2);
(2) Berispe of voer ’n ernstige gesprek met die leerder;
(3) Gee ’n mondelinge- of skriftelike waarskuwing;
(4) Addisionele skoolwerk onder toesig wat tot die leerder se vordering by die Skool sal bydra én die skoolomgewing sal verbeter, met dien verstande dat die ouers betyds ingelig en die veiligheid van die kind verseker word;
(5) Leerder sit pouse in die klas;

(6) Die klasopvoeder teken die 3de oortreding op die oortredingsregister aan, maar verwys die leerder na die graadhoof en verskaf besonderhede oor die aard en datums van oortredings;
(7) Die graadhoof kan addisionele strawwe toeken soos die verpligte uitvoer van take deur die oortreder ten gunste van die persoon/opvoeder wat deur die oortreding benadeel is; of
(8) Die graadhoof kan voorregte soos deelname aan skoolaktiwiteite bv. sport- en kultuurdeelname, opskort.

7.2.3 Kategorie 2: Ernstige wangedrag

Kategorie 2-oortredings behels ernstige wangedrag wat deur die Skool se tugkomitee (wat bestaan uit die departementshoof, adjunkhoof en/of skoolhoof) hanteer moet word. Dit behels die volgende:

(1) Afbrekende aanmerkings, rig van beledigings, ongeskiktheid teenoor opvoeders, personeel, werkers, Gimmieraadlede of mede-leerders;
(2) Herhaalde afwesighede van klasse, skoolbyeenkomste of buitemuurse aktiwiteite sonder verlof;
(3) Stokkiesdraai gedurende klasperiodes;
(4) Verlaat van die skoolterrein sonder toestemming;
(5) Vloek, vuiltaal of onwelvoeglike taal;
(6) Plant van inkriminerende items in ander leerders se tasse, sakke of klere;
(7) Ongemagtigde praktyke en/of onwelvoeglike optrede op skoolterrein o.a. rook
(8) Besit van ongewenste materiaal/items/voorwerpe;
(9) Afwesig van detensieklasse;
(10) Onwelvoeglike/skadelike graffiti;
(11) Ongemagtigde gebruik van selfone in klasse, toetse en eksamens;
(12) Oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag of beledigende taal wat teen personeel, leerders of die Skool gerig is;
(13) Ongehoorsaamheid of ondermyning van ’n opvoeder of leier se gesag;
(14) Herhaalde akademiese wangedrag soos in Kategorie 1 genoem;
(15) Gee van opdragte aan junior leerders wat in stryd met die Gedragskode is;
(16) Hare vreemd kleur;
(17) Die onderrig- of leerproses in die klas ernstig bedreig, ontwrig of frustreer;
(18) Ernstige wangedrag van die Gedragskode of skoolreëls; en
(19) Skiet van klappers of mors met water op die skoolterrein.

7.2.4 Tugmaatreëls en prosedure by hantering van Kategorie 2-wangedrag:

In geval van ’n kategorie 2-oortreding moet sodanige oortreding na die tugkomitee verwys word, wat by magte is om enige van die strafmaatreëls vir kategorie 1-oortredings toe te pas, waartoe die volgende bygevoeg kan word:

(1) Die hantering van die wangedrag in **kategorie 2** berus by die graadhoof en die tugkomitee van die Skool;
(2) Graadhoof kontak die ouers vir 'n dissiplinêre gesprek;
(3) Die oortreder moet twee Woensdae detensie doen of addisionele strawwe kry;
(4) Die graadhoof teken die detensiekennisgewing in die aanmeldingsboek aan, stuur 'n afskrif aan die ouers en lees 'n kopie op die rekenaar in;
(5) Vergadering met ouers om die herstel of vervanging van beskadigde eiendom te bespreek;
(6) Leerder kan gemeenskapsdiens vir tot ses uur as straf opgelê word. Gemeenskapsdiens sluit aktiwiteite soos skoonmaakdiens, skottelgoedwas, instandhoudingswerk, tuinwerk, rommelopruiming ensovoorts in;
(7) Ontneming van die voorreg om deel te neem aan sport- of kultuuraktiwiteite;
(8) Ontneming van die voorreg om sosiale funksies soos die matriekafskeid, koshuisdinee, Valentynsbal, buitekurrikulêre ekskursies, toere ensovoorts by te woon;
(9) Verbeuring van die voorreg/geleentheid om in aanmerking te kom vir 'n spesiale toekenning of meriete-toekenning soos sportseun, sportdogter, kultuurleerder, dux-leerder ensovoorts tydens die Skool se prysuitdeling.

7.2.5 Kategorie 3: Baie ernstige wangedrag wat skorsing of uitsetting uit die Skool tot gevolg kan hê.

Kategorie 3-oortredings behels baie ernstige wangedrag wat deur die dissiplinêre komitee hanteer moet word. Dit behels die volgende:

(1) Herhaling van kategorie 2-oortredings;
(2) Haatspraak, rassisme of seksisme;
(3) Onwettige optrede, vandalisme of die vernietiging, ontsiering of beskadiging van skooleiendom;
(4) Optrede wat ander se veiligheid in gevaar stel of hulle regte skend;
(5) Beskadiging van skool- of mede-leerder se eiendom;
(6) Oneerlikheid o.a. afskryf tydens toetse en eksamens, vervalsing van handtekeninge, ens.;
(7) Besit of gebruik van wapens of voorwerpe, of die dreigement om gevaarlike wapens of voorwerpe te gebruik;
(8) Besit, gebruik, oorhandiging of sigbare bewyse van dwelmmiddels of onwettige/verbode middels, alkohol of bedwelmende middels van enige aard;
(9) Bakleiery, aanranding, poging tot aanranding of opsetlike fisiese besering van 'n ander persoon;
(10) Naamskending van die Skool en sy personeel/leerders;
(11) Immorele gedrag soos seksuele gedrag, seksuele teistering, besit of kyk na pornografie;

(12) Diefstal of besit van gesteelde eiendom;
(13) Bedrog;
(14) Afpersing;
(15) Deur enige persoon of leerder as gyselaar aan te hou;
(16) Onderdrukkende gedrag soos bullebakkery, teistering, mishandeling of afknouery of seksuele teistering;
(17) Doelbewuste en opsetlike verskaffing van vals inligting, versuim om korrekte inligting te verskaf of die vervalsing van dokumentasie tot eie, onregverdige voordeel;
(18) Betrokkenheid by gebeure en aktiwiteite wat dui op okkultiese/ satanistiese bedrywighede;
(19) Versuim om te voldoen aan vorige strafmaatreëls;
(20) Kriminele gedrag of oortreding van 'n landswet wat in die geregshof vervolg kan word;
(21) Aan ’n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die Skool deur middel van kollektiewe optrede te ontwrig;
(22) Ernstige ondermyning van gesag, disrespek of arrogansie teenoor ’n opvoeder;
(23) Vloektaal, verbale teistering of belediging wat ’n persoon se menswaardigheid ernstig krenk of 'n persoon belaster;
(24) Onwettige besit van enige toets- of eksamenmateriaal of die verspreiding daarvan wat homself of enige ander persoon in staat mag stel om 'n onregverdige voordeel in ’n toets of eksamen te verkry;
(25) Die omkoop of poging tot omkopery van enige persoon om ’n onregverdige voordeel daardeur te verkry;
(26) Enige kategorie-oortreding wat volgens die uitsluitlike diskresie van die skoolhoof eerder deur die dissiplinêre komitee verhoor moet word; en
(27) Baie ernstige oortredings van die Gedragskode of skoolreëls.

7.2.6 Tugmaatreëls en prosedure by hantering van Kategorie 3-wangedrag:
In geval van ’n kategorie 3-oortreding moet sodanige oortreding na die dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam verwys word, wat by magte is om enige van die strafmaatreëls vir kategorie 2-oortredings toe te pas en die volgende tugmaatreëls kan daartoe bygevoeg word:
(1) Alle kategorie 3-oortredings moet op die leerder se Gedragsrapport aan die einde van elke kwartaal aangeteken word;
(2) Twee detensies, soos gereël deur betrokke persone by die Skool, addisionele strawwe, ouervergaderings en ’n dissiplinêre verhoor kan as straf gegee word;
(3) Versoek aan ouers/voogde om die leerder by die Skool te kom haal (gewoonlik omdat probleem ernstig is of tot die probleem opgelos is);

(4) Leerder kan gemeenskapsdiens vir tot twintig uur as straf opgelê word. Gemeenskapsdiens sluit aktiwiteite soos skoonmaakdiens, skottelgoedwas, instandhoudingswerk, tuinwerk, rommelopruiming ensovoorts in;
(5) Ontneming van die voorreg om deel te neem aan sport- of kultuuraktiwiteite;
(6) Ontneming van die voorreg om sosiale funksies soos die matriekafskeid, koshuisdinee, Valentynsbal, buitekurrikulêre ekskursies, toere ensovoorts by te woon;
(7) Verbeuring van die voorreg/geleentheid om in aanmerking te kom vir 'n spesiale toekenning of meriete-toekenning soos sportseun, sportdogter, kultuurleerder, dux-leerder ensovoorts tydens die Skool se prysuitdeling of sodanig vermeld te word in 'n getuigskrif;
(8) Verhaling van kostes vir skade berokken deur leerder;
(9) Verbeur van bloktyd (geheel of gedeeltelik) of ander voorregte;
(10) Tydelike skorsing van leerder uit die Skool;
(11) Skorsing en aanbeveling tot uitsetting van die leerder uit die Skool;
(12) Lê van klagte teen die leerder by die Suid-Afrikaanse Polisiediens;
(13) Die opskorting van enige van bogemelde strawwe met gepaste voorwaardes;
(14) Verwysing vir hulp, berading of terapie met die ouers/voogde se toestemming na bevoegde en gekwalifiseerde persone, bv. sielkundiges. (Die kostes of enige uitgawes hieraan verbonde is die verantwoordelikheid van die ouers/voogde van die leerders).
(15) In geval van 'n ernstige oortreding deur lede van die Gimmieraad, Koshuisraad of ander skoolleiers kan die volgende strawwe gegee word:
    a. Permanente ontheffing en skorsing uit die Gimmieraad of ander leiersamp, met of sonder die bepaling dat geen prestasie- of meriete-erkenning hiervoor aan die leerder gegee mag word tydens die prysuitdeling of in 'n getuigskrif nie;
    b. Tydelike ontheffing vir 'n voorgeskrewe tydperk (aantal weke of maande), met of sonder die bepaling dat geen prestasie- of meriete-erkenning hiervoor aan die leerder gegee mag word tydens die prysuitdeling of in 'n getuigskrif nie;
    c. Ontheffing as leier, wat opgeskort word onderhewig aan die voorwaarde dat 'n soortgelyke ernstige oortreding nie begaan word nie; of
    d. Ontneming van alle voorregte as leier, wat insluit dat geen prestasie of meriete-erkenning hiervoor aan die leerder gegee mag word tydens prysuitdeling of in 'n getuigskrif nie.
(16) Na afloop van 'n verhoor waarin enige leerder skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die Gedragskode, kan die Beheerliggaam

sodanige leerder enige van voorgemelde strawwe oplê, of die leerder skors, of by die Onderwyshoof aanbeveel dat die leerder uit die Skool gesit word.

(17) Indien daar op slegs skorsing as 'n straf besluit word, kan die Beheerliggaam die leerder vir tot sewe (7) skooldae skors.

(18) Indien die Beheerliggaam besluit om die uitsetting van die leerder by die Onderwyshoof aan te beveel, kan die Beheerliggaam die leerder vir 'n redelike tydperk van tot veertien skooldae skors, hangende die Onderwyshoof se beslissing.

(19) Na afloop van 'n verhoor waarin enige leerder aan die oortreding van koshuisreëls skuldig bevind word, kan die Beheerliggaam sodanige leerder enige van voorgemelde strawwe oplê, of die leerder vir enige gepaste tydperk van koshuisinwoning skors, of die leerder uit die koshuis sit.

(20) **Voorkomende skorsing:** Die Beheerliggaam kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n leerder wat vermoedelik ernstige wangedrag (Kategorie 3) gepleeg het vir tot sewe skooldae van skoolbywoning skors, maar kan slegs sodanige skorsing oplê nadat die leerder 'n redelike geleentheid ontvang het om vertoë in verband met sodanige skorsing aan die Beheerliggaam te rig.

8 Dissiplinêre verhoor

8.1 Voorlopige ondersoek:

Wanneer 'n leerder na bewering of vermoedelik 'n ernstige oortreding (Kategorie 3) begaan het, moet die adjunkhoof belas met leerderdissipline of 'n ondersoekbeampte, 'n ondersoekloods aanstel. Op grond van die uitslag van die ondersoek moet dan besluit word of 'n dissiplinêre verhoor nodig is.

8.2 Klagstaat en kennisgewing:

(1) Die adjunkhoof stel 'n klagstaat op en die ouers en leerder ontvang skriftelik kennis van die klag en die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings word in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.

(2) Die kennisgewing moet genoeg inligting bevat oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding.

(3) Minstens vyf skooldae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.

8.3 Die Beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan:

Die voorsitter van die komitee moet 'n lid van die Beheerliggaam wees. Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die Beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die Beheerliggaam self gedoen is en sal geregtig wees om alles te doen wat die

Beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwing van enige strafmaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die Onderwyshoof. Hierdie delegasie van bevoegdheid verhoed egter nie die Beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie.

8.4 Bystand aan leerder deur ouer:

Die leerder mag deur sy ouers of 'n persoon wat deur die ouer aangewys word, bygestaan word.

8.5 Aansoek om regsverteenwoordiging:

In geval van ernstige oortredings wat kan lei tot strafregtelike- of sivielregtelike aanspreeklikheid, mag die leerder aansoek te doen om deur 'n regsverteenwoordiger of ander persoon wat deur die ouer van die leerder aangewys word, verteenwoordig te word.

8.6 Voorverhoorgesprek met die aanklaer:

(1) 'n Leerder het die reg om te swyg of om homself nie te inkrimineer nie, wat behels dat die Skool die onus het om die beweerde wangedrag te bewys.

(2) Dit is egter wenslik, maar nie verpligtend, dat die leerder met die bystand van sy ouer of verteenwoordiger, ten minste twee dae voor die verhoor met die aanklaer in gesprek tree ten einde aan te dui hoe die leerder gaan pleit, maniere te bespreek om die verhoor te verkort en 'n moontlike pleit-en-vonnisooreenkoms aan te gaan.

8.7 Pleit-en-vonnisooreenkoms:

Wanneer 'n leerder regsverteenwoordiging het, kan die leerder die dissiplinêre prosedure verkort deur 'n pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die voorsittende beampte te sluit.

8.8 Getuienis van minderjariges deur middel van tussengangers

Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in artikel 8 (7)–(9) van die Skolewet uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as beskuldigdes of as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers of 'n opvoeder van hul keuse bygestaan te word. 'n Persoon wat 'n leerder as getuie bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord of die dissiplinêre komitee toe te spreek nie.

8.9 'n Opvoeder mag 'n leerder bystaan:

Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die

skoolhoof of die Beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

8.10 Afwesigheid van verhoor:

Indien die leerder en/of sy ouers en/of sy verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan, met dien verstande dat 'n pleit van onskuldig aangeteken word en die bewyse deeglik deur die komitee getoets word.

8.11 Billike en regverdige verhoor:

Die verhoor moet billik en regverdig wees en sal volgens die voorskrifte van die toepaslike provinsiale wetgewing geskied.

8.12 Verhoorprosedure:

(1) Die verloop van die verrigtinge is as volg:

a. Voorsitter verwelkom almal en stel die komiteelede aan ouers en leerder bekend.

b. Voorsitter verduidelik die prosedure as volg:

- Presensie
- Voorlopige aangeleenthede
- Klagtes
- Pleit
- Aanklaer bewys klagtes
- Leerder bewys verweer
- Finale argumente
- Bevindings
- Argumente ter strafversagting
- Straf

(2) Die aanklaer en leerder (of die leerder se verteenwoordiger namens die leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep en kan dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê.

(3) Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, of enige aspek verder te ondersoek of te láát ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

(4) Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee 'n besluit oor die leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van 'n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir 'n redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg.

Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

(5) Indien die leerder skuldig bevind word, sal die leerder en die aanklaer nóg 'n geleentheid ontvang om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende- en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde 'n gepaste straf op te lê. Ten einde 'n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir 'n redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

8.13 Uitspraak en strafmaatreël:

(1) In geval van 'n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne hoogstens vyf skooldae skriftelik aan die leerder en sy ouers en die aanklaer oorgedra word.

(2) Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die Beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die Gedragskode wat op 'n strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys.

8.14 Interne appèl:

(1) 'n Party wat ontevrede is met die uitslag van dissiplinêre verrigtinge voor die Beheerliggaam se dissiplinêre komitee sal die reg hê om binne 24 uur nadat hy die skriftelike uitslag ontvang het, skriftelik by die voorsitter van die dissiplinêre komitee of by die voorsitter van die Beheerliggaam teen die bevinding, die opgelegde strafmaatreël, of albei, te appelleer.

(2) Die kennisgewing van appèl moet die gronde vir die appèl skriftelik en duidelik uiteensit.

(3) Binne 24 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appèl moet die voorsitter van die Beheerliggaam of voorsitter van die dissiplinêre komitee 'n appèlkomitee saamstel wat uit 'n lid van die Beheerliggaam as voorsitter en minstens twee ander kundige persone bestaan. Die lede van die dissiplinêre komitee wat die saak aangehoor het, kan nie op die appèlkomitee ook dien nie.

(4) Die voorsitter van die Beheerliggaam moet die kennisgewing van appèl aan die voorsitter van die appèlkomitee en die ander party in die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee oorhandig en toesien dat die rekord van die dissiplinêre verrigtinge tot die appèlkomitee se beskikking gestel word.

(5) Die voorsitter van die appèlkomitee bepaal die prosedure wat gevolg sal word.

(6) Die ander party sal geregtig wees om binne 24 uur ná ontvangs van die kennisgewing van appèl in reaksie daarop vertoë aan die voorsitter van die appèlkomitee te rig.

(7) Die appèl kan op grond van skriftelike vertoë aangehoor en oorweeg word.

(8) Die appèlkomitee sal by oorweging van die appèl beperk wees tot ŉ oorweging van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee, die kennisgewing van appèl en enige vertoë wat die ander party voorlê.

(9) Enige party wat verdere getuienis, wat nié deel uitmaak van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee nie, vir oorweging aan die appèlkomitee wil voorlê, moet skriftelik om toestemming by die voorsitter van die appèlkomitee aansoek doen. In geval van die appellant moet sodanige aansoek in die kennisgewing van appèl vervat wees en in geval van die ander party moet dit binne 24 uur ná oorhandiging van die kennisgewing van appèl geskied.

(10) Die aansoek om nuwe getuienis voor te lê, moet ŉ volledige verduideliking bevat waarom die getuienis nie gedurende die dissiplinêre verrigtinge beskikbaar was of aangebied is nie, moet die aard van die getuienis uiteensit, en moet die tersaaklikheid van die getuienis vir die oorweging van die appèl uiteensit.

(11) Die appèlkomitee moet binne sewe skooldae ná ontvangs van die kennisgewing van appèl sy besluit skriftelik aan die partye bekendmaak.

(12) Enige strafmaatreël wat deur die dissiplinêre komitee opgelê is, word opgeskort hangende die beslissing van die appèlkomitee.

(13) Met die oorweging van die appèl kan die appèlkomitee:

a. die beslissing van die dissiplinêre komitee oor die skuldig- of onskuldigbevinding en/of strafmaatreël ter syde stel of handhaaf;
b. ŉ alternatiewe strafmaatreël oplê (wat ŉ swaarder straf insluit) en
c. enige ander beslissing gee wat die appèlkomitee in die omstandighede as billik of regverdig ag.

8.15 Algemene bepalings:

Die Beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die Beheerliggaam ŉ persoon aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Sodanige persoon sal nie deel uitmaak van die komitee nie.

9 BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE VOORKOMING EN HANTERING VAN ALKOHOL- EN DWELMGEBRUIK OF -MISBRUIK

Potchefstroom Gimnasium streef na uitnemendheid en die Skool se oogmerk is om in die beste belang van die leerders op te tree.

In die lig van bogenoemde aanvaar ons dat:

- ons deel is van 'n groter gemeenskap;
- ons in vennootskap is met ouers/voogde in hul strewe om net die beste vir

hul kinders te verseker;

- 'n wye verskeidenheid van afhanklikheidsvormende dwelmmiddels beide wettig en onwettig binne ons gemeenskap beskikbaar is;
- die leerder, ouers en opvoeders nie altyd oor genoegsame inligting beskik nie;
- dwelmmisbruik skadelik is vir die mens op verskeie vlakke (sosiaal, psigies en fisies); en
- die leerders toegerus moet word sodat hulle minder kwesbaar en in staat is om die eise van die lewe te hanteer.

Ons aanvaar die uitdaging om die misbruik van dwelms en alkohol te beveg en neem standpunt in dat dwelmgebruik 'n onaanvaarbare praktyk is en dat die konsep van 'n gesonde, dwelmvrye lewe te alle tye gepropageer en aangemoedig sal word. Aangesien ons ook realisties is, is dit ook ons beleid om nie verdoemend op te tree nie, maar om leerders en ouers wat hulp in die verband nodig het, behulpsaam te wees. Ons verwag dat ouers/voogde deurgaans hul volle ondersteuning en samewerking sal gee.

1 VOORKOMING

Die Skool onderneem om op 'n jaarlikse basis:

- voorkomings- en inligtingsessies aan al die leerders te bied;
- voorkomings- en inligtingsessies aan ouers van leerders te bied;
- inligting en opleiding aan opvoeders beskikbaar te stel;
- buitepersone as deel van 'n spanbenadering as konsultante te betrek waar nodig;
- die beleid te evalueer en aan te pas indien nodig;
- 'n gesonde, dwelmvrye lewe met woord en daad te ondersteun.

2 BESIT EN GEBRUIK VAN DWELMS EN ALKOHOL IS VERBODE

'n Leerder wat in besit is van dwelms of alkohol of dit gebruik of misbruik:

- op die skoolterrein;
- tydens 'n skooluitstappie weg van die skoolterrein;
- waar die Skool verteenwoordig word/as verteenwoordiger van die Skool;
- by enige geleentheid waar die leerder as 'n leerder van die Skool geïdentifiseer kan word of met die Skool geassosieer kan word;

hetsy tydens of na skoolure met of sonder skooldrag, begaan 'n Kategorie 3-oortreding van die Gedragskode.

DWELMTOETSAPPARATE EN DIE VOORGESKREWE GEBRUIK DAARVAN – sien voorgeskrewe Regulasies

Aanhangsel A – ANDER TERSAAKLIKE INLIGTING WAT OORWEEG MOET WORD VOORDAT DIE DWELMTOETSAPPARAAT GEBRUIK WORD – is beskikbaar op versoek by die skool.

AANHANGSEL B – RIGLYNE VIR EWEKANSIGE DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING SOWEL AS DWELMTOETSING BY SKOLE – is beskikbaar op versoek by die skool.

10 BELEID OOR BULLEBAKKERY EN KUBERBULLEBAKKERY

Bullebakkery is nadelig vir die skoolomgewing en leerders se leer, prestasie en welstand. Dit meng in met die missie van die Skool om leerders te onderrig, en ontwrig skoolbedrywighede. Bullebakkery raak nie net die leerders teen wie dit gerig word nie, maar ook diegene wat aan sodanige gedrag deelneem of dit aanskou. Dit moet dus die hoof gebied word om leerderveiligheid en 'n inklusiewe leeromgewing te verseker.

1 WOORDOMSKRYWING

Afpersing is wanneer 'n persoon onregmatig en opsetlik een of ander materiële of nie-materiële voordeel van 'n ander bekom deur daardie persoon aan druk te onderwerp wat hom dwing om die voordeel af te staan.

Bullebakkery beteken die stelselmatige en aanhoudende oplegging van fisiese pyn of sielkundige nood aan een of meer leerders, opvoeders, nie-opvoeders of besoekers aan die skoolperseel. Dit word voorts omskryf as onwelkome en herhaalde skriftelike-, verbale- of fisiese gedrag, met inbegrip van enige dreigende, beledigende of vernederende gebaar, deur 'n leerder of volwassene, wat ernstig of omvattend genoeg is om 'n intimiderende, vyandige of aanstootlike opvoedkundige omgewing te skep, ongemak of vernedering te veroorsaak, of op onredelike wyse met die leerder se skoolprestasie of -deelname in te meng, en kan onder meer insluit:

(1) tergery;
(2) sosiale uitsluiting;
(3) dreigemente;
(4) intimidasie;
(5) bekruipery;
(6) fisiese geweld;
(7) diefstal;
(8) seksuele-, godsdienstige- of rasseteistering;
(9) openbare vernedering en
(10) die vernietiging van eiendom.

Crimen injuria beteken die onregmatige, opsetlike en ernstige skending van 'n ander persoon se waardigheid of privaatheid.

Elektroniese kommunikasie beteken enige kommunikasie met 'n elektroniese toestel, wat onder meer insluit 'n telefoon, selfoon, rekenaar of roepradio, welke kommunikasie onder meer insluit e-posse, kitsboodskappe, teksboodskappe, *blogs*, selfone, roepradio's, aanlynspeletjies en webtuistes.

Kuberbullebakkery beteken bullebakkery met behulp van tegnologie of enige elektroniese kommunikasie, wat onder meer insluit die versending van tekens, seine, geskrifte, beelde, klanke, data of intelligensie van enige aard deur middel van enige elektroniese toestel, wat onder meer insluit 'n rekenaar, telefoon, selfoon, teksboodskaptoestel en persoonlike digitale assistent.

Voorbeelde van gedrag wat kuberbullebakkery kan uitmaak, sluit onder meer in:

(1) die publikasie van lelike aanmerkings of gerugte of enige lasterlike, onakkurate, verkleinerende, gewelddadige, neerhalende, aanstootlike of seksueelgerigte materiaal oor 'n leerder op 'n webtuiste of 'n ander aanlyntoepassing;

(2) die publikasie van misleidende of vervalste foto's of digitale videomateriaal van 'n leerder op webtuistes, of die skep van vals webtuistes of sosiale netwerkprofiele asof dit die slagoffer s'n is;

(3) die nabootsing of voorstelling van 'n ander leerder deur daardie ander leerder se elektroniese toestel of rekening te gebruik om e-posse, teksboodskappe en kitsboodskappe te stuur of foonoproepe te maak;

(4) die versending van e-posse, teksboodskappe of kitsboodskappe of die laat van stemboodskappe wat gemeen of dreigend is, of so oorvloedig is dat dit die slagoffer se e-posrekening, kitsboodskaprekening of selfoon bombardeer; en

(5) die gebruik van 'n kamerafoon of digitale videokamera om beskamende of seksgebaseerde foto's van ander leerders te neem en/of te stuur.

Seksboodskappe is kaal of halfkaal foto's of video's en/of seksueel suggestiewe boodskappe wat met behulp van selfone of kitsboodskappe na en van ander leerders gestuur word.

Strafregtelike naamskending beteken die onregmatige en opsetlike publikasie van 'n aangeleentheid met betrekking tot iemand anders wat daarop uit is om daardie persoon se reputasie ernstige skade aan te doen.

Teistering beteken die direkte of indirekte deelname aan gedrag wat die pleger weet of behoort te weet skade doen, of die redelike oortuiging laat posvat dat skade gedoen kan word, aan die klaer of 'n verwante persoon, deur op onredelike wyse:

(1) die klaer of 'n verwante persoon te agtervolg, dop te hou of by te dam, of buite of naby die gebou of plek rond te hang waar die klaer of 'n verwante persoon woon, werk, sake doen, studeer of toevallig is;

(2) verbaal, elektronies of op enige ander wyse en deur middel van enige ander middel met die klaer of 'n verwante persoon te probeer kommunikeer, ongeag of 'n gesprek gevoer word of nie; of

(3) briewe, telegramme, pakkies, fakse, e-posse of ander voorwerpe aan die klaer of 'n verwante persoon te stuur, daar af te lewer of te laat aflewer, of sodanige items daar te laat waar dit gevind sal word deur, oorhandig sal word aan of onder die aandag sal kom van die klaer of 'n verwante persoon; of

(4) op die seksuele teistering van die klaer of ’n verwante persoon neerkom.

Vergelding is ’n handeling of gebaar teen ’n persoon wat bullebakkery of beweerde bullebakkery aanmeld. ‘Vergelding’ sluit ook in die aanmelding van bullebakkery wanneer dit nié te goeder trou gedoen word nie.

2 TOEPASSING

2.1 Hierdie beleid geld vir enige leerder, opvoeder en nie-opvoeder by die Skool sowel as enige besoeker of vrywilliger wat gedrag openbaar wat op bullebakkery, kuberbullebakkery of vergelding neerkom. Ál die voormelde persone is verantwoordelik om aan hierdie beleid te voldoen.

2.2 Hierdie beleid geld vir bullebakkery wat:

- plaasvind by die Skool of op die skoolterrein, synde ’n skoolgebou; op die eiendom waarop ’n skoolgebou of -fasiliteit geleë is, en op/in eiendom wat ’n skool vir ’n skoolgeborgde aktiwiteit, geleentheid, program, onderrig of opleiding besit, huur of gebruik, en ‘skoolterrein’ sluit ook voertuie in wat vir skoolverwante vervoer gebruik word;
- plaasvind terwyl leerders na of van skole of skoolgeborgde geleenthede vervoer word;
- plaasvind by enige skoolgeborgde geleentheid, aktiwiteit, program, onderrig of opleiding;
- plaasvind deur die gebruik van data, telefone, rekenaarsagteware of tegnologie wat deur ’n rekenaar, rekenaarstelsel of rekenaarnetwerk van die Skool bekom word; of
- elders plaasvind, maar slegs indien die bullebakkery ook die regte van die leerder by die Skool skend of indien die Skool self op enige manier betrokke is of betrek word.

3 VERBODE AKTIWITEITE OF GEDRAG

3.1 Die volgende gedrag is verbode:

- Bullebakkery
- Kuberbullebakkery
- Teistering
- Vergelding teen enigeen wat sodanig omskrewe gedrag aanmeld
- Vals beskuldigings van bullebakkery
- Skending van die skool se goeie naam

Enigeen wat enige van hierdie verbode gedrag openbaar, sal die gevolge daarvan moet dra.

3.2 Wat kuberbullebakkery betref, kom die volgende handelinge sowel as teistering en seksboodskappe op strafregtelike oortredings neer en sal dus ook as wangedrag ingevolge die Skool se Gedragskode beskou word:

- *Crimen injuria* – Enige handeling wat die waardigheid van ’n ander persoon aantas, wat ook kan plaasvind deur aan iemand anders ’n boodskap te stuur wat hetsy ’n uitdruklike of implisiete uitnodiging tot, of voorstel van, seksuele

immoraliteit of onbetaamlikheid bevat, of deur onwelvoeglike foto's te versend.

- Strafregtelike naamskending – Lasterlike aanmerkings teenoor derde partye in kletskamers, op sosiale netwerke, of in e-posse, teksboodskappe of kitsboodskappe is onder meer vorme van kuberbullebakkery.
- Afpersing – Waar 'n persoon opsetlik en onregmatig dreig om inligting oor, of kompromitterende beelde van, 'n ander persoon elektronies te versprei.

4 AANMELDING

4.1 Bullebakkery, vermoedelike bullebakkery of enige ander verbode handeling ingevolge paragraaf 4.1 hierbo kan persoonlik of skriftelik (waaronder naamloos) by skoolpersoneel aangemeld word. Enige persoon wat bewus is van enige bullebakkery, vermoedelike bullebakkery of enige ander verbode handeling ingevolge paragraaf 4.1 moet sodanige voorvalle by die skoolhoof of ander personeellid wat deur die hoof aangewys word, aanmeld.

4.2 Indien enigeen kuberbullebakkery vermoed of daarvan ingelig word, moet die volgende protokol gevolg word:

Selfone

- Vra die leerder om die betrokke selfoon aan jou te wys;
- Let deeglik op alles op die skerm wat met 'n onvanpaste teksboodskap of beeld verband hou, wat die datum, tyd en name insluit;
- Transkribeer 'n stemboodskap en teken weer die datum, tye en name aan;
- Gee die leerder opdrag om die boodskap/beeld te stoor; en
- Vergesel die leerder na die skoolhoof of sy gedelegeerde.

Rekenaars

- Vra die leerder om die betrokke materiaal op die skerm te vertoon;
- Vra die leerder om die materiaal te stoor;
- Druk onmiddellik die aanstootlike materiaal uit;
- Maak seker dat jy alle bladsye en inligting in die regte volgorde het, en dat niks weggelaat word nie;
- Vergesel die leerder na die skoolhoof of sy gedelegeerde, en neem die aanstootlike materiaal saam; en
- Gewone prosedures word dan gevolg om onderhoude met leerders te voer en verklarings af te neem.

4.3 Ouers en ander volwassenes wat van voorvalle van bullebakkery bewus is, word aangemoedig om hierdie gedrag by 'n personeellid aan te meld.

4.4 Alle ander lede van die skoolgemeenskap, wat leerders, ouers/voogde, vrywilligers en besoekers insluit, word aangemoedig om enige handeling wat hierdie beleid oortree, hetsy persoonlik of naamloos by die skoolhoof of sy gedelegeerde aan te meld.

4.5 Weerwraak of vergelding teen enigeen wat ’n voorval van bullebakkery aanmeld, is verbode. Indien daar vasgestel word dat ’n leerder iemand anders valslik van bullebakkery beskuldig het, sal sodanige leerder die dissiplinêre gevolge moet dra.

4.6 Ingevolge artikel 54 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, moet enigeen wat van ’n seksuele oortreding teen ’n kind kennis dra sodanige inligting onmiddellik by ’n polisiebeampte aanmeld. Versuim om sodanige inligting aan te meld is ’n misdryf. Dus is enigeen wat betrokke is by seksboodskappe of seksuele teistering, of wat van sodanige handelinge bewus is, verplig om dit aan te meld.

4.7 In geval van ’n skending van enige bepaling in hierdie beleid moet die dissiplinêre prosedure ingevolge deel 3, artikel 2 tot 5, van die Skool se Gedragskode gevolg word.
Alternatiewe dissiplinêre maatreëls sluit onder meer in:

(1) ’n ontmoeting met die leerder en die leerder se ouers;
(2) besinningsaktiwiteite, soos om die leerder opdrag te gee om ’n opstel oor sy wangedrag te skryf;
(3) berading;
(4) woedebestuur;
(5) gesondheidsvoorligting of -intervensie;
(6) geestesgesondheidsvoorligting;
(7) deelname aan vaardigheidsbou- en geskilbeslegtingsaktiwiteite, soos sosiaal-emosionele kognitiewe vaardigheidsbou, beslegtingskringe en herstelkonferensies;
(8) gemeenskapsdiens; en
(9) interne detensie of skorsing, wat in middagete, ná skool of oor naweke kan geskied.

11 BELEID OOR SEKSUELE TEISTERING

1 OOGMERK

Die oogmerk van hierdie beleid is om te bevestig dat die Skool daartoe verbind is om enige vorm van seksuele teistering uit te roei en om die onaanvaarbaarheid van sodanige gedrag te beklemtoon.

2 DEFINISIE

Vir die doeleindes van hierdie beleid, word die term “seksuele teistering” gedefinieer as:
Enige ongewensde, ongevraagde of onwelkome optrede of gedrag van ’n seksuele aard of ander gedrag wat gebaseer is op geslag en seksuele oriëntasie, wat ernstig of aanhoudend verneder, verkleineer of ’n vyandige en intimiderende omgewing skep of wat daarop gemik is om instemming tot seksuele aktiwiteit af te dwing deur dreigende of werklike, fisiese of sielkundige skade te berokken.

3 VORME EN KATEGORIEË VAN SEKSUELE TEISTERING

Seksuele teistering neem verskeie vorme aan, waaronder verbale, nie-verbale, fisiese, *quid pro quo* en sekondêre teistering.
Die kategorieë van seksuele teistering is:

- **Teistering** op grond van **geslag** behels onder andere (o.a.) veralgemenende of spesifieke seksistiese aanmerkings op grond van geslag of gedrag gerig teen die geslag van 'n persoon, wat beledigend, vernederend of seksisties van aard is;
- **Seduksie** of verleidende optrede behels o.a. ongewensde of onvanpaste fisiese of verbale seksuele toenadering;
- **Afloerdery**, ekshibisionisme, ontbloting en soortgelyke gedrag wat bedreigend, vernederend of krenkend deur die slagoffer ervaar word;
- **Seksuele omkopery** behels o.a. die uitlokking of versoek van seksuele aktiwiteit of ander onsedelike optrede gekoppel aan bevoordeling of 'n belofte van voordeel;
- **Seksuele dwang** of afpersing behels o.a. enige vorm van dwang of dreigement om seksuele of onsedelike aktiwiteit te bewerkstellig;
- **Seksuele aanranding** behels o.a. onsedelike aanranding of verkragting.

Die **vorme** wat seksuele teistering kan aanneem is o.a.:

- **Verbale seksuele teistering** wat o.a. insluit seksuele aanmerkings, seksuele beledigings, seksuele grappe, wolwefluite, kru kommentaar van seksuele aard, verspreiding van gerugte of onwaarhede van seksuele aard;
- **Nie-verbale teistering** behels gedrag soos afloer, aankyk, oogknip, seksuele graffiti, skets of vertoning van eksplisiete seksuele foto's of prente en ongeskikte gebaretaal;
- **Fisiese teistering** behels o.a. optrede soos betasting, vryf, gryp, skuur teen, pluk aan klere op onbehoorlike manier, soen en seksuele gedrag;
- **Sekondêre teistering** vind plaas indien 'n slagoffer verder geteister, verneder of afgeknou word nadat 'n klagte gelê is.

Die erns en aard van die teisterende gedrag verskil gewoonlik van geval tot geval. Hoewel elke handeling of optrede nie deur almal as teisterend of onwaardig beskou sal word nie, sal die omringende omstandighede en konteks waarin die voorval plaasgevind het in ag geneem word om te bepaal of die gedrag indruis teen die Skool se standaard vir korrekte optrede.

4 HULPMIDDELS

Hulpmiddels sluit die volgende in:

4.1 Informasie, berading en ondersteuning

Die skoolhoof of die saakgelastigde, wat verantwoordelik is vir die hantering van klagtes oor seksuele teistering, moet die volgende hulpmiddels op aanvraag aan lede van die Skool beskikbaar maak:

- Die Skool se beleid oor seksuele teistering;

- Inligting oor formele- en informele meganismes om seksuele teistering te hanteer;
- Name en kontakbesonderhede van gekwalifiseerde beraders;
- Inligting oor die metode, formaat en inhoud wat ’n klagte of ’n grief oor seksuele teistering moet aanneem;
- Prosedure om seksuele teistering in terme van die Wet op Seksuele Misdrywe te hanteer.

4.2 Informele meganismes vir mediasie van die geskil of voorval

Die Dissiplinêre hoof/‘n gedelegeerde persoon, moet enige klaer bystaan om ’n klagte van seksuele teistering informeel te ondersoek, regstellend op te tree of gepaste verdere stappe te neem.

4.3 Formele meganismes – Bemiddeling en formele dissiplinêre optrede

Indien die informele meganisme misluk om die klagte van seksuele teistering na behore op te los, kan die klaer ’n formele skriftelike klagte by die saakgelastigde of Beheerliggaamlid gemoeid met seksuele teistering indien.

4.3.1 Die saakgelastigde moet die klagte hanteer deur

(1) ’n Onderhoud met die klaer te voer;

(2) Verdere getuienis of bewyse te ondersoek ten einde te bepaal of ’n *prima facie*-saak uitgemaak kan word;

(3) Indien ’n *prima facie*-saak bestaan en die aard van die seksuele teistering ernstig of van aanhoudende omvang is, dan moet die saakgelastigde gepaste sanksies instel, wat die volgende stappe kan behels:

a. Onmiddellike skorsing van ’n leerder vir vyf (5) dae om ander leerders te beskerm na ’n informele verhoor deur die skoolhoof;
b. Skorsing vir 14 dae na ’n dissiplinêre verhoor deur die Beheerliggaam;
c. Aanbeveling vir uitsetting (permanente skorsing) van die leerder na ’n dissiplinêre verhoor deur die Beheerliggaam om bekragtig te word deur die Hoof van die Onderwysdepartement;
d. Skorsing van ’n personeellid hangende ’n formele dissiplinêre verhoor deur die Departementshoof van Noordwes-onderwys;
e. Lê van ’n klagte van ’n misdryf by die SAPD.

4.3.2 Grieweprosedure

’n Personeellid wat van mening is dat sy regte direk of indirek deur ’n ander personeellid geskend is, kan ingevolge die grieweprosedure van die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 ’n grief aanhangig maak.

4.3.3 Siviele geding

Indien die klagtes of griewe nie na behore aangespreek word ingevolge die bogemelde formele- of informele meganismes nie, is die klaer geregtig om geregtelike stappe te neem en ’n strafregtelike of sivielregtelike geding aanhangig te maak.

4.3.4 Klagte en strafsaak

Die klaer is ook geregtig om onmiddellik of gelyktydig met die grieweprosedure 'n klag van seksuele teistering by die aanklagkantoor van die SAPD aanhangig te maak in gevalle van ernstige oortredings.

5 RAPPORTERING VAN SEKSUELE TEISTERING

5.1 Seksuele teistering moet aan die saakgelastigde gerapporteer word;

5.2 Alle klagtes moet vertroulik hanteer word deur die privaatheid van alle betrokke partye te handhaaf deur nie die identiteit van die klaer sonder skriftelike toestemming bekend te maak nie;

5.3 Tot tyd en wyl die beskuldigde skuldig bevind word aan die oortreding van seksuele teistering, moet die vermoede van onskuld geld;

5.4 Die saakgelastigde moet halfjaarliks 'n verslag aan die Beheerliggaam voorlê waarin 'n opsomming oor die aantal, aard, erns en uiteinde van die seksuele teistering klagtes uiteengesit word;

5.5 Enige verslag moet die identiteit en privaatheid van die betrokkenes beskerm; en

5.6 Die Beheerliggaam moet op grond van die verslae van die saakgelastigde besluit of spesiale maatreëls soos opvoeding, beskikbaarstelling van berading of verdere klagtes aan die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders geneem moet word.

6 OPVOEDING EN VOORKOMING

6.1 Die skoolhoof en opvoeders verantwoordelik vir Lewensoriëntering moet inligting aan die leerders en personeel verskaf oor:

a. Beskikbare mediasie en geskilbeslegtigingsprosedure;
b. Die saakgelastigde en klagte/grieweprosedure;
c. Hulpmiddels beskikbaar aan slagoffers.

6.2 'n Opleidingsprogram moet na gelang van behoefte van tyd tot tyd of op versoek deur die skoolhoof gereël word om opleiding aan saakgelastigdes en beraders te verskaf.

6.3 Die Skool moet tydens 'n jaarlikse vergadering oor dissiplinêre aangeleenthede met die ouergemeenskap van die Skool die beleid oor seksuele teistering bespreek en aanpas indien nodig.

7 DIENSBEËINDIGING VAN PERSONEEL

7.1 Die skoolhoof of adjunkhoofde sal van tyd tot tyd onderhoude met personeellede voer wie se dienstermyn beëindig word ten einde 'n opname te maak oor die voorkoms, aard en frekwensie van seksuele teistering in die Skool.

7.2 Die skoolhoof sal op grond van hierdie opnames verslag aan die Beheerliggaam doen oor die voorkoms, aard en frekwensie van seksuele teistering in die Skool.

7.3 Indien voorvalle van seksuele teistering voorkom, moet die Beheerliggaam ingelig word, waarna die Beheerliggaam dienooreenkomstige stappe sal neem.

8 IMPLEMENTERING

Die skoolhoof en die saakgelastigde sal verantwoordelik wees vir die implementering van hierdie beleid.